

# Graanopbergers bring integriteit na die mark

Danksy die JSE se goeie en deursigtige reëls vir die uitreiking en toepassing van silosertifikate is dit maklik om probleme te identifiseer wanneer 'n opberger nie aan die nodige vereistes voldoen nie. Opbergers self speel 'n belangrike rol in hierdie proses. Dit is belangrik dat die stelsel deurgaans bo verdenking is om integriteit te verseker.

Pryskonvergensie tussen termynpryse vir afgeleide instrumente op die JSE se mark vir landboukommoditeite en plaaslike pryse op die fisieke mark sodra die JSE-instrumente verstryk, is noodsaaklik vir die funksionering van die mark. Wanneer die termynkontrakte op die JSE-mark dus verstryk, moet die prys daarvan en van die onderliggende kommoditeit byna op dieselfde prysvlakke verkeer.

Opbergers speel 'n belangrike rol in die uitreiking van die JSE se silosertifikate én algemene silosertifikate. Hulle verseker dat die betrokke voorraad wat op hierdie sertifikate aangedui word, in die silo beskikbaar is. Dit dra by tot die integriteit van die afgeleide mark (JSE/Safex) en is van uiterste belang vir al die markdeelnemers.

Só speel opbergers 'n groot rol om die integriteit van die totale mark te verseker:

- Lede van Agbiz Grain wat betrokke is by die hantering en opberging van die meeste graan- en oliesade in Suid-Afrika, hou streng by die JSE se reëls.
- Opbergers volg die JSE se kontrakspesifikasies. Die spesifikasies bepaal die vereistes vir opbergers en hoe van opbergers verwag word om silosertifikate uit te reik.
- Opbergers reik die JSE-silosertifikaat uit. Die kommoditeit wat deur die silosertifikaat beskryf word, moet nie net aan die vereistes en waarborge op die voorkant van die silosertifikaat voldoen nie, maar moet ook aan die JSE se kontrakspesifikasies voldoen.
- Opbergers verseker dat graan van die gespesifiseerde gehalte en hoeveelheid reeds tydens die uitreiking van die JSE-sertifikate op die terrein is.
- Die proses wat opbergers volg om silosertifikate ter voltooiing van 'n markdeelnemer se termynverpligtinge uit te reik, is gestandaardiseerd.
- Opbergers dien maandeliks graanverslae by die JSE in. Opbergers werk saam met die JSE en laat die JSE toe om lukraak behoorlike voorraadinspeksies te doen.
- Opbergers werk saam met die JSE, wat ook lukraak ouditinspeksies by geregistreerde opbergingsgeriewe doen. Die doel hiervan is om die hoeveelheid en gehalte van die graan in opberging te bevestig.
- Die oudits by opbergers word uitgevoer deur 'n onafhanklike, kundige derde party wat deur die JSE self aangestel is. Gevolglik is daar nie 'n botsing van belange in die uitreiking van 'n ouditsertifikaat nie. Dit is onmoontlik om ouditsertifikate uit te reik vir 'n kommoditeit wat nie bestaan nie.
- Agbiz Grain se lede en opbergers dien maandeliks die voorraadvlakke van graan en oliesade in wat in opberging is. Die verslae wat na willekeur geoudit kan word, word by die JSE en die Suid-Afrikaanse Graaninligtingsdiens ingedien.

## GOEIE BENADERING

Voorafgenoemde benadering het gelei tot die uitwys van moontlike probleme by silo's waar die JSE-reël oortree is. Die JSE het die verslag en klagte wat hy van die beweerde oortreding deur die opberger ontvang het, ondersoek. Die JSE het bevind dat een silokompleks in 2020 die JSE-reël oortree het. Die ander silo's wat geïnspekteer is, het ongekwalifiseerde oudits ontvang.

Benewens die JSE se eie ondersoeke het die JSE ook in Maart 2020 'n onafhanklike ondersoek gelas rakende die gedrag van opbergers en die nakoming van die JSE se vereistes. Die ondersoek is na alle silo's ingestel wat aan verskeie opbergers behoort.

Die feite en inligting tot die beskikking van die JSE, asook die resultate van die onafhanklike ondersoek, dui daarop dat, buiten die een kwessie, daar geen ander oortredings van die JSE se vereistes deur enige ander silo van JSE-goedgekeurde opbergers was nie. Die opberger wat die JSE-reël oortree het, is 'n boete opgelê deur die JSE.

Die JSE se ondersoek het tot die gevolgtrekking gekom dat daar geen sprake was dat enige opberger (ook die opberger wat oortree het) versuim het om kommoditeite wat deur JSE-silosertifikate vervat word, aan die eienaars daarvan te lewer nie. Opbergers wat JSE-silosertifikate uitgereik het, het voldoen aan al die vereistes van die JSE-silosertifikate ter voltooiing van termynkontrakte.

Die Vryhof-silo (nie 'n lid van Agbiz Grain nie) was die enigste geval waar 'n opberger versuim het om aan die bedryf se streng standaarde te voldoen. Hierdie silo is sedert 2008 nie meer as 'n JSE-goedgekeurde silo geregistreer nie. In dié geval het die JSE se reëls en risikobestuursprosedures verseker dat die leweringsverpligtinge van kortposisiehouers nagekom is.

## GEVOLGTREKKING

Die stelsel werk dus uitstekend om die integriteit van die mark te verseker. Agbiz Grain se lede en opbergers vergader gereeld met die JSE en hou samesprekings oor hoe die JSE sy dienste aan die breër mark kan verbeter. Die funksionering van die mark word deurlopend deur gepaste JSE-reëls verbeter. Agbiz Grain se lede meet hulself ook deurentyd aan hoë standaarde.

Sedert die landboukommoditeitsafdeling (Safex) in 1995 gestig is, het opbergers 'n deurslaggewende rol gespeel in die vestiging van die landboutermynmark. Die voortdurende verbetering en toepassing van goeie reëls is belangrik om integriteit en vertroue in die mark te behou. Agbiz Grain se lede is daartoe verbind om ook vanjaar nou met die JSE se landboumark-afdeling saam te werk om saam met ander deelnemers te verseker die mark se integriteit bly bo verdenking. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*

BRONNE: Agbiz Grain; JSE.